**BERGRIVIER MUNISIPALITEIT / MUNICIPALITY**

**VISIE:**

**Bergrivier: 'n vooruitstrewende gemeenskap waar almal wil leef, werk, leer en speel op 'n menswaardige manier.**

**VISION:**

**Bergrivier: a prosperous community where all want to live, work, learn and play in a dignified manner.**

**KERN WAARDES / CORE VALUES**

**We are all part of Bergrivier Municipality.**
**We render good services to ensure dignified living to all.**
**We are unashamedly pro-poor.**
**We believe in close innovative partnerships.**
**We believe in social and economic development of our area.**
**We care about our work and our colleagues.**
**We are disciplined.**
**We believe in ethical behaviour.**
**We believe in good relationships.**
**We serve with pride.**

# 2021: JAAR VAN VOORTGESETTE VRUGTEVOLLE VENNOOTSKAPPE!

## NOTULE VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE SE VERGADERING GEHOU OP DONDERDAG 11 MAART 2021 OM 10:15 IN DIE RAADSAAL, MUNISIPALE KANTORE, PIKETBERG

**TEENWOORDIG:**

**LEDE VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE**

| | | | |
|---|---|---|---|
| Rdh. RM van Rooy | [DA] | : | Uitvoerende Burgemeester |
| Rdd. SM Crafford | [DA] | : | Uitvoerende Onderburgemeester |
| Rdl. MA Wessels | [DA] | : | Lid van Burgemeesterskomitee |
| Rdl. AJ du Plooy | [DA] | : | Lid van Burgemeesterskomitee |

**ANDER RAADSLEDE**

| | | | |
|---|---|---|---|
| Rdh. A de Vries | [DA] | : | Speaker |
| Rdl. J Daniels | [DA] | : | Voorsitter van die Korporatiewe Dienste Komitee (Artikel 79) |

**AMPTENARE**

| | | |
|---|---|---|
| Adv. H Linde | : | Munisipale Bestuurder |
| Mnr. FM Lötter | : | Direkteur Finansiële Dienste |
| Mnr. JWA Kotzee | : | Direkteur Korporatiewe Dienste |
| Mnr. AC Koch | : | Direkteur Tegniese Dienste |
| Mnr. DA Josephus | : | Direkteur Gemeenskapsdienste |
| Mnr. W Wagener | : | Bestuurder: Beplanning en Omgewingsbestuur |
| Mev. A van Sittert | : | Bestuurder: Strategiese Dienste |
| Mnr. D Carolissen | : | Bestuurder: Gemeenskapsfasiliteite |
| Mnr. H Benson | : | Hoof: Rampbestuur (waarnemend) |
| Mev. J Erasmus | : | Interne Ouditeur |
| Mev. JM Rosenberg | : | Senior Tikster |

***

| Item | AKSIE |
|---|---|
| **BKN001/03/2021**<br>**<u>OPENING EN VERWELKOMING</u>**<br>Die Voorsitter verwelkom almal teenwoordig, waarna die Speaker die vergadering open met gebed.<br>*** | |
| **BKN002/03/2021**<br>**<u>AANSOEKE OM VERLOF TOT AFWESIGHEID</u>**<br>**3/3/1/4**<br>Geen<br>*** | |
| **BKN003/03/2021**<br>**<u>VERKLARING VAN BELANGE INGEVOLGE SKEDULES 1 & 2 (GEDRAGSKODE VIR RAADSLEDE EN AMPTENARE)</u>**<br>**3/3/1/6**<br>Alle Raadslede en Amptenare verklaar individueel dat hulle geen persoonlike belange met betrekking tot die items op die agenda het nie.<br>*** | |
| **BKN004/03/2021**<br>**<u>BEKRAGTIGING VAN DIE NOTULE VAN DIE VORIGE VERGADERING SOOS GEHOU OP DONDERDAG 11 FEBRUARIE 2021</u>**<br>**3/3/2/2**<br>**<u>BESLUIT</u>**<br>Dat die notule van die vorige vergadering, soos gehou op Donderdag 11 Februarie 2021, bekragtig word.<br>*** | ***SENIOR TIKSTER (JM ROSENBERG)*** |
| **BKN005/03/2021**<br>**<u>IMPLEMENTERINGSVERSLAG VIR UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEEBESLUITE: TERUGVOERING VANAF MUNISIPALE BESTUURDER EN DIREKSIE RAKENDE DIE BESLUITE GENEEM TYDENS DIE VORIGE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEEVERGADERING SOOS GEHOU OP DONDERDAG 11 FEBRUARIE 2021</u>**<br>***(Die verslag, soos apart elektronies versprei, word ter tafel gelê – Bylae A)***<br>Die Munisipale Bestuurder gee kortliks terugvoer en rapporteer dat die Scholtz-saak uitgestel is tot Vrydag 26 Maart 2021.<br>**<u>BESLUIT</u>**<br>Dat kennis geneem word van die Implementeringsverslag van die Uitvoerende Burgemeesterskomiteevergadering, soos gehou op Donderdag 11 Februarie 2021.<br>*** | ***SENIOR TIKSTER (JM ROSENBERG)*** |
| **BKN006/03/2021**<br>**<u>SAKE VOORTSPRUITEND UIT VORIGE NOTULE</u>**<br>**3/3/2/2**<br>Geen<br>*** | |

**BKN007/03/2021**
**<u>KORRUPSIE EN RISIKO'S VIR BERGRIVIER MUNISIPALITEIT</u>**
**12/2/2/21**

Die Interne Ouditeur gee kortliks terugvoer en bevestig dat die Scholtz-saak uitgestel is tot Vrydag 26 Maart 2021 soos deur die Munisipale Bestuurder gerapporteer onder item 5.

Die Munisipale Bestuurder rapporteer dat 'n nuwe risiko geïdentifiseer is en dat sy dit aan die Uitvoerende Burgemeester sal deurgee.

***MUNISIPALE BESTUURDER***

**KENNIS GENEEM**

***

**BKN008/03/2021**
**<u>VERKLARINGS / MEDEDELINGS DEUR DIE VOORSITTER, SPEAKER EN MUNISIPALE BESTUURDER</u>**
**3/3/1/6**

<u>Die Uitvoerende Burgemeester doen die volgende mededelings:</u>

1. Dat die Direkteur Korporatiewe Dienste vandag verjaar en wens hom alle seën en voorspoed toe;
2. Dat Mev. T Wessels by die huis aansterk na haar operasie, hy wens haar 'n spoedige herstel toe;
3. Dat die stormwaterpype in wyk 4 skoongemaak word ten einde die oorstromings te verhoed/minimaliseer; en
4. Dat navrae met betrekking tot die kontraktuele voorwaardes van die huidige huurder op die Piketberg Meentgrond ondersoek word en terugvoering aan die huurder gegee word, met betrekking tot die wei van vee op die meentgrond.

***DIREKTEUR TEGNIESE DIENSTE***

***BESTUURDER: BEPLANNING EN OMGEWINGSBESTUUR***

<u>Die Munisipale Bestuurder doen die volgende mededeling:</u>

Dat die Direkteur Korporatiewe Dienste vandag verjaar en wens hom alle geluk en voorspoed toe met sy verjaarsdag.

***

**BKN009/03/2021**
**<u>ONDERHOUDE MET AFVAARDIGINGS</u>**
**3/3/1/5**

Geen

***

**BKN010/03/2021**
**<u>MOSIES / VRAE</u>**
**3/3/1/1, 3/3/1/2**

Geen

***

**BKN011/03/2021**
**<u>EERSTE DRINGENDE SAAK VANAF DIE MUNISIPALE BESTUURDER: GEMEENSKAP- EN LANDELIKE VEILIGHEIDSPLAN</u>**
**2/1**
***(Die verslag word ter tafel gelê, soos voorheen elektronies versprei – Bylae B)***

| | |
|---|---|
| Die Hoof: Rampbestuur (waarnemend) lei die item breedvoerig in. | |
| Uiteenlopende insette en kommentaar word gelewer deur die Komiteelede. | |
| **<u>BESLUIT</u>** | |
| 1. Dat die Raadslede en Direkteure skriftelik insette en kommentaar aan die Direkteur Gemeenskapsdienste voorsien vir byvoeging in die Gemeenskaps- en Landelike Veiligheidsplan; | ***ALLE DIREKTEURE*** |
| 2. Dat die Direkteur Gemeenskapsdienste die gewysigde Gemeenskaps- en Veiligheidsplan by die Uitvoerende Burgemeesterskomiteevergadering, soos geskeduleer vir Dinsdag 30 Maart 2021 voorlê vir bespreking/goedkeuring; en | ***DIREKTEUR GEMEENSKAPSDIENSTE (30/03/2021)*** |
| 3. Dat 'n Implementeringsplan by die volgende Staande komiteevergadering van die Gemeenskapsdienste Direktoraat voorgelê word vir bespreking. | ***DIREKTEUR GEMEENSKAPSDIENSTE (April 2021)*** |

***

***(Die Hoof: Rampbestuur (waarnemend) verlaat die vergadering om 10:55)***

**BKN012/03/2021**
**<u>TWEEDE DRINGENDE SAAK VANAF DIE MUNISIPALE BESTUURDER: THE SAFE UTILIZATION OF HALLS AND SPORTSFACILITIES DURING THE NEW LEVEL 1 (FROM 1 MARCH 2021)</u>**
**9/1/2**
***(Die verslag word ter tafel gelê, soos voorheen elektronies versprei – Bylae C)***

| | |
|---|---|
| Die Bestuurder: Gemeenskapsfasiliteite lei die item breedvoerig in. | |
| Verskeie insette en kommentaar word gelewer deur die Komiteelede. | |
| **<u>RESOLUTIONS</u>** | |
| It is recommended that permission be granted for: | |
| 1. The utilization of all sports-facilities and clubhouses in accordance with the regulations, and with strict adherence to the relevant protocols; | |
| 2. The utilization of all halls, in accordance with the regulations, and with strict adherence to the relevant protocols. In addition the hiring out of halls must be limited to one function per day, during the week and over weekends; | ***DIREKTEUR GEMEENSKAPSDIENSTE*** |
| 3. The utilization of our resorts at full capacity, in accordance with the regulations, and with strict adherence to the relevant protocols; | |
| 4. That no regional and provincial sporting- or cultural events be allowed, due to the potential high risks with Covid-19; and | |
| 5. That any exceptions be considered on a case to case merit base by the Municipal Manager in conjunction with the Executive Mayor. | |

***

**BKN013/03/2021**
**DERDE DRINGENDE SAAK VANAF DIE MUNISIPALE BESTUURDER: PUBLIEKE DEELNAME PROSES: APRIL 2021**
**9/1/2**

Die Munisipale Bestuurder lei die item breedvoerig in. Die Bestuurder: Strategiese Dienste gee aanvullende inligting.

Verskeie insette en kommentaar word gelewer deur die Komiteelede.

**BESLUIT**

Dat 'n inligtingsvideo, met betrekking tot die publieke deelname proses van die IDP en die begroting, gemaak word en op alle sosiale media platforms met die publiek gedeel word gedurende April 2021.

***BESTUURDER: STRATEGIESE DIENSTE & HOOF: KOMMUNIKASIE***

***

**BKN014/03/2021**
**REVISED MAINTENANCE PLAN**
**2/2/4**

Die Bestuurder: Gemeenskapsfasiliteite lei die item kortliks in en gee breedvoerig agtergrond. Die Direkteur Gemeenskapsdienste en die Bestuurder: Gemeenskapsfasiliteite gee aanvullende inligting.

Verskeie insette en kommentaar word gelewer deur die Komiteelede.

Die Voorsitter versoek dat die Direkteur Tegniese Dienste 'n Instandhoudings- en implementeringsplan, met betrekking tot die instandhouding en uitrol van opgraderings by die munisipale geboue/areas in Piketberg, by die volgende Staande Komiteevergadering van die Tegniese Direktoraat, voorlê vir bespreking.

***DIREKTEUR TEGNIESE DIENSTE (April 2021)***

**AANBEVELING: VIR GOEDKEURING DEUR DIE RAAD**

Dat die gewysigde Onderhoudsplan vir Gemeenskapsfasiliteite: 2021 – 2026 soos aangeheg by die verslag ***(Bylae A)*** deur die Raad goedgekeur word.

***

***(Die Bestuurder: Gemeenskapsfasiliteite verlaat die vergadering om 11:40)***

**BKN015/03/2021**
**VERVREEMDING VAN MUNISIPALE GROND ERWE 4500 EN 4501 PIKETBERG**
**PB.4500 & 4501; 7/2/3/1**

Die Portefeulje Voorsitter, Raadslid Daniels lei die item in en gee kortliks agtergrond.

**AANBEVELINGS: VIR GOEDKEURING DEUR DIE RAAD**

1. Dat toestemming verleen word vir die prosesse om onderverdeling van erwe 4500 & 4501 Piketberg, in vier gedeeltes van ongeveer ±1189m² groot elk;

2. Dat daar in die Tegniese Direktoraat se begroting voorsien word vir aansluiting/installering van munisipale ingenieursdienste tot die erwe tydens die 2021/2022 finansiële jaar; en

3. Dat 'n markverwante waardasie gedoen word deur die Finansiële Direktoraat, na afhandeling van die onderverdelingsproses.

***

**BKN016/03/2021**
**VERVREEMDING VAN MUNISIPALE GROND ERWE 2224 PORTERVILLE**
**PTV.2224; 7/2/3/1**

Die Portefeulje Voorsitter, Raadslid Daniels lei die item in en gee kortliks agtergrond. Raadsdame Crafford en die Direkteur Finansiële Dienste gee aanvullende inligting.

Uiteenlopende insette en kommentaar word gelewer deur die Komiteelede.

**BESLUIT**

Dat die item terugverwys word vir aanvullende gesprekke en by die Uitvoerende Burgemeesterskomiteevergadering, soos geskeduleer vir Dinsdag 30 Maart 2021, voorgelê word vir oorweging/goedkeuring.

***BESTUURDER: BEPLANNING EN OMGEWINGSBESTUUR (30/03/2021)***

***

**BKN017/03/2021**
**VERVREEMDING VAN GROND AAN MIDDELINKOMSTE HUISHOUDINGS**
**7/2/1; 17/5/2/1**

Die Portefeulje Voorsitter, Raadslid Daniels lei die item in en gee kortliks agtergrond.

**AANBEVELINGS: VIR GOEDKEURING DEUR DIE RAAD**

1. Dat die Raad se vorige besluite om die ongedienste residensiële erwe langs Watsonia Sportgronde (gedeelte van Algemene Plan N0.4549/2001) en die gedeeltelik gedienste residensiële erwe langs die N7 (Buitekantstraat) (Algemene Plan No. 1333/2012) vir GAP behuisingsprojekte te reserveer, herroep word;

2. Dat gedeeltelik gedienste residensiële erwe langs die N7 (Buitekantstraat) ooreenkomstig Algemene Plan No. 1333/2012 by die Akte Kantoor geregistreer word; en

3. Dat volledige berekenings, vir begrotingsdoeleindes, deur Direktoraat Tegniese Dienste gedoen word, om te bepaal wat die kostes verbonde aan die voorsiening van ingenieursdienste aan die ongedienste residensiële erwe, langs Watsonia Sportgronde (gedeelte van Algemene Plan N0.4549/2001), en die gedeeltelik gedienste residensiële erwe langs die N7 (Buitekantstraat) (Algemene Plan No. 1333/2012) gaan wees.

***

**BKN018/03/2021**
**<u>VERDERE ONDERVERDELING VAN NYWERHEIDSERWE IN PIKETBERG: ERWE 4474 EN 4489</u>**
**PB.4474 & 4489**

Die Portefeulje Voorsitter, Raadslid Daniels lei die item in en gee kortliks agtergrond.

**<u>AANBEVELING: VIR GOEDKEURING DEUR DIE RAAD</u>**

Dat die Raad die verdere onderverdeling van Erwe 4474 en 4489, Piketberg ondersteun, ten einde kleiner nywerheidserwe te voorsien.

***

**BKN019/03/2021**
**<u>REDELINGHUIS: IN BEGINSEL BESLUIT: OORNEEM VAN STRATE, SPORTGROND EN BEGRAAFPLASE</u>**
**7/2/1; 17/5/2/1**

Die Portefeulje Voorsitter, Raadslid Daniels lei die item in en gee kortliks agtergrond. Die Bestuurder: Beplanning en Omgewingsbestuur gee aanvullende inligting.

Verskeie insette en kommentaar word gelewer deur die Komiteelede.

**<u>AANBEVELINGS: VIR GOEDKEURING DEUR DIE RAAD</u>**

1. Dat in beginsel **goedkeuring** verleen word vir oorname van onderstaande bates deur Bergrivier Munisipaliteit by NG Kerk Redelinghuis, op voorwaarde dat die Munisipaliteit nie enige vergoeding vir die eiendomme betaal nie;

   1.1 die bestaande paaie in Redelinghuis, wat deel uitmaak van Erf 382, Redelinghuis, na gelang van ‘n terplaatse opname ten einde te bepaal watter paaie reeds ontwikkel is;

   1.2 die Sportgronde in Redelinghuis; en

   1.3 beide die begraafplase onderskeidelik geleë op Restant Erf 864, Redelinghuis en Erf 402, Redelinghuis.

2. Dat Direktoraat Tegniese Dienste asook Direktoraat Gemeenskapsdienste, wat onderskeidelik verantwoordelik gaan wees vir die bates (reeds verantwoordelik is vir bestuur en instandhouding van die bates), ‘n bepaling maak van die toestand van al die bates ten einde te bepaal of daar opgraderingswerk gedoen moet word om die infrastruktuur op ‘n aanvaarbare standaard te kry, en moet toekomstige onderhoud en bedryfskoste wat met die bates gepaardgaan (en nog nie in die Munisipale begroting ondervang word nie) bereken word sodat die invloed op toekomstige begroting en tariewe bepaal kan word; en

3. Dat Bergrivier Munisipaliteit die nodige prosesse volg asook uitgawes aangaan om oordrag van die eiendomme vanaf NG Kerk Redelinghuis te finaliseer, onderhewig daaraan dat genoegsame fondse in die begroting beskikbaar is.

***

**BKN020/03/2021**
**STRAATBENAMING EN –NOMMERING BELEID**
**2/B**

Die Portefeulje Voorsitter, Raadslid Daniels lei die item kortliks in.

**AANBEVELING: VIR GOEDKEURING DEUR DIE RAAD**

Dat die Straatbenaming en –nommering Beleid ("Street Naming and Numbering Policy") goedgekeur word en geïmplementeer word vanaf datum van goedkeuring.

***

**BKN021/03/2021**
**BESIGHEIDSLISENSIEBELEID HERSIENING**
**2/B**

Die Portefeulje Voorsitter, Raadslid Daniels lei die item kortliks in.

**AANBEVELINGS: VIR GOEDKEURING EN KENNISNAME DEUR DIE RAAD**

1. Dat die wysigings aan die toepaslike delegasies, aanbeveel word vir goedkeuring deur die Raad; en

2. Dat die Raad kennis neem van die wysigings aan die Besigheidslisensiebeleid.

***

**BKN022/03/2021**
**PMU & BUILDING CONTROL – FEBRUARY 2021**
**9/1/2**

Die Portefeulje Voorsitter, Raadslid Wessels lig die item kortliks toe.

**RESOLUTION**

That the Executive Mayoral Committee note the progress of MIG, EPWP and BUILDING CONTROL projects.

***DIRECTOR TECHNICAL SERVICES***

***

**BKN023/03/2021**
**EUNOMIA COMPLIANCE REPORT: FEBRUARY 2021**
**12/2/2/21**

Die Munisipale Bestuurder lei die item kortliks in.

**RESOLUTION**

That the Executive Mayoral Committee take note of the monthly Eunomia compliance report for February 2021.

***MUNISIPALE BESTUURDER***

***

**BKN024/03/2021**
**MANDAAT: WYSIGING VAN KOLLEKTIEWE OOREENKOMS OOR DIENSVOORWAARDES VIR DIE WES-KAAPSE AFDELING VAN DIE SALGBC**
**4/5/1**

Die Portefeulje Voorsitter, Raadslid Daniels lei die item kortliks in.

**BESLUIT**

Dat Bergrivier Munisipaliteit die volgende mandaat aan SALGA verskaf:

- Dat Bergrivier Munisipaliteit, weens die moontlike groot finansiële implikasie wat die wysiging kan inhou, nie die voorgestelde wysiging steun nie en dat die status quo behou word.

***BESTUURDER: MENSLIKE HULPBRONDIENSTE***

***

**BKN025/03/2021**
**SKILLS AUDIT REPORT 2020/2021**
**4/4/1**

Die Portefeulje Voorsitter, Raadslid Daniels lei die item kortliks in.

Verskeie insette en kommentaar word gelewer deur die Komiteelede.

**RESOLUTIONS**

1. That the Mayoral Committee takes note of this report;

2. That the shortcomings as identified with this GAP Skills Audit be addressed in the 2021/2022 and future Skills Plans (where possible);

3. That the following employees be offered a placement on the 2021/2022 and future Skills Plans to attend classes to obtain Grade 12:

| DESIGNATION | CURRENT QUALIFICATION | ESSENTIAL REQUIREMENTS |
|---|---|---|
| Meter Reader (VD) | Grade 10 | Grade 12 |
| Meter Reader (PV) | Grade 6 | Grade 12 |
| Library Aid (PV) | Grade 10 | Grade 12 |
| Library Aid (NH) | Grade 8 | Grade 12 |
| Library Aid (LB Wernich) | Grade 11 | Grade 12 |
| Senior Foreperson: Roads and Storm water (PB) | Grade 9 | Grade 12 |
| Sewage Purification Assistants (PV) | Grade 8 | Grade 10 plus registration as operators class 2 |
| Sewage Purification Assistants (PV) | Grade 7 | Grade 10 plus registration as operators class 2 |
| Supervisor/Operator Stormwater (VD) | Grade 10 | Grade 12 |
| Special Workman Electrical (PV) | Grade 4 | Grade 10 |

***BESTUURDER: MENSLIKE HULPBRONDIENSTE***

| | | |
|---|---|---|
| Special Workman Electrical (VD) | Grade 5 | Grade 10 |
| Operator Grade 2 Electrical (VD) | Grade 10 | Grade 12 |

4. That the Director Technical Services apply to the Department of Water Affairs and Sanitation to have the following employees registered as Operators Class 2:

| DESIGNATION | CURRENT QUALIFICATION | ESSENTIAL REQUIREMENTS |
|---|---|---|
| Sewage Purification Assistants (PV) | Grade 8 | Grade 10 plus registration as operators class 2 |
| Sewage Purification Assistants (PV) | Grade 7 | Grade 10 plus registration as operators class 2 |

5. That the following employees can apply for bursaries to obtain their prescribed qualification:

| DESIGNATION | CURRENT QUALIFICATION | ESSENTIAL REQUIREMENTS |
|---|---|---|
| Head: Strategic Services | Grade 12 / Professional Programme in Local Economic Development | Diploma/Degree in Strategic Planning/ Economic Development |
| Manager: Strategic Services | Honors Bachelor of Arts and Philosophy / MFMP | Diploma/Degree in Strategic Planning/ Economic Development |
| Head: ICT | Diploma in PC Engineering & MFMP | Degree/National Diploma in IT |
| Accountant: Debtors (PB) | Grade 12, LGAAC NQF 4, MFMP | Degree/Diploma in Financial Management and Administration/ Accounting. NQF 5 with Accounting |
| Assistant Accountant: Debtors Enquiries (PB) | Grade 12 , LGAC | Degree/Diploma in Financial Management and Administration/ Accounting/complianc e with the relevant Minimum Competency Levels for Financial |

***BESTUURDER: MENSLIKE HULPBRONDIENSTE***

| | | |
|---|---|---|
| | | Officials as prescribed |
| Manager: Electrical Services | Trade: Electrician N5 | B-Tech/Degree, Electrical Technical Diploma |
| Head: Civil Engineering PV | Grade 12, MFMP | B Degree in Civil Engineering / National Diploma in Civil Engineering |
| Senior Superintend Civil Engineering (PB) | Civil Engineer NQF 5 Certificate | N6 or National Diploma in Technical Related field |
| Senior Superintend Civil Engineering (PV) | Grade 7 | N6 or National Diploma in Technical Related field |
| Senior Superintend Civil Engineering (VD) | Grade 10 | N6 or National Diploma in Technical Related field |

***BESTUURDER: MENSLIKE HULPBRONDIENSTE***

***

**BKN026/03/2021**
**NOTULES VAN DIE BODTOEKENNINGSKOMITEE VIR KENNISNAME**
**8/1/1**

Geen

***

**BKN027/03/2021**
**WYKSKOMITEES: KENNISNAME / BESPREKING VAN VERSLAE EN NOTULES**
**3/2/1/3**

Geen

***

**BKN028/03/2021**
**IN-KOMITEE: AANBEVELINGS EN VERSLAE VOORGELÊ VIR OORWEGING DEUR DIE RAAD**

Geen

***

**BKN029/03/2021**
**IN-KOMITEE: BESLUITE INGEVOLGE GEDELEGEERDE BEVOEGDHEID EN ITEMS WAARVAN KENNIS GENEEM IS**

Geen

***

**BKN030/03/2021**
**IN-KOMITEE: NOTULES VAN DIE OPLEIDINGSKOMITEE SE VERGADERING VIR OORWEGING / KENNISNAME**

Geen

***

**BKN031/03/2021**
**IN-KOMITEE: NOTULES VAN DIE ARBEIDSFORUM SE VERGADERING VIR OORWEGING / KENNISNAME**

Geen

*******

## *DIE VERGADERING VERDAAG OM 12:15*

*HIERMEE BEVESTIG EK DIE ONDERGETEKENDE DAT HIERDIE NOTULE SOOS BEKRAGTIG 'N WARE WEERGAWE IS VAN DIE VERRIGTINGE*

______________________________ ___________________

***VOORSITTER (UITVOERENDE BURGEMEESTER)*** ***DATUM***

***